Van Zyl nuus

Liewe familie en vriende 15 Januarie 2012 (no. 30)

2012 het aangebreek…… en so ook baie nuwe dinge vir ons as gesin! Ons hoop julle het almal ‘n Geseënde Kerstyd gehad. Mag die Here julle elkeen met voorspoed en liefde seën in 2012. In ‘n terugblik op die laaste paar maande van 2012, is daar ‘n paar momente wat ons wil uitlig.

Gedurende die Augustus 2011 skoolvakansie het ons gesin vir ‘n week gaan vakansie hou in Kaokoland. Die afgeleë Hartmanvallei was verseker ‘n hoogtepunt. Die skoonheid van die natuur het ons opnuut aangegryp en ons het ‘n wonderlike tyd in die veld gehad! Die laaste naweek van die vakansie het ons ‘n nag by Taleni Lodge oornag en gekuier. Oud-lidmate van Napier, Fanie en Helena van Rooyen is die bestuurders daar en ons het heerlik saam met Helena gekuier.

Hartmanvallei …….

In September het Ds Jason Ngambue van Opuwo 60 jaar oud geword. Erik het die verjaarsdagvieringe buite Opuwo by Ombazu gaan bywoon en vertel self: Wat ’n belewenis om te sien hoedat die man van God deur sy eie mense vereer word. Dit was ’n feestelike geleentheid, met vele toesprake en ’n feesmaal. Die aangrypendste was die grootmaakkinders van ds Jason en sy vrou Miriam, wat as koor kom dankie sê het. Hulle kon nooit eie kinders hê nie, en het oor die jare meer as 20 kinders in hul huis geneem om groot te maak vir die Here. Party is al getroud met kinders en ander nog in hul tienerjare, hulle gaan nog steeds voort daarmee. Wat ’n voorreg dat ek ds Jason en Miriam my vriende kan noem! Saam met Linus het Erik ook vir Katetete by Ongondjanambari gaan besoek. Erik vertel: Die hartlikheid, gasvryheid en vriendelikheid waarmee Katetete en sy vrou Tjazaputji ’n mens ontvang, is altyd ’n verkwikking vir die siel. Na ’n stywe druk en koue Mahango bier, amper soos gemmerbier, kon ons lekker kuier. Die audibible speler en prenteboeke is met groot dankbaarheid ontvang, en Katetete het vinnig vir Tjazaputi geleer hoe om daarmee te werk. Die aand het baie van Katetete se gemeente na die Jesus-film kom kyk. Katetete en Tjazaputji is die sout van die aarde, want hulle maak Jesus sigbaar vir die gemeenskap waar hulle bly!

Ds Jason, Miriam en Erik

Katetete

Ons het Erik se 50ste verjaarsdag en sommer ook ons afskeid op Outjo die 17de November by Ombinda Lodge gehou. Goeie vriende van ons, Maans Steenkamp en Elaine Mostert, het ons bederf met die aand se reëlings en kos. Ons het baie lekker saam met ons vriende gekuier en gaan die Outjo-inwoners mis. Gelukkig is ons huis nog op Outjo en beplan ons om vakansies daarheen te gaan.

Die laaste naweek van November is ek en Erik Swartbooisdrift toe vir *Kunene vir Christus* se leierskamp. Erik is al vroeër weg en het saam met hoofman Jan Kasupi Himba-Christene by Ondiye en Okaanga gaan oplaai vir die kamp. Ek is die Vrydagoggend weg en ons was weer die Sondag terug. Wanneer ons sulke lang afstande aflê, is ons altyd dankbaar as ons weer veilig by die huis kom. Die kamp was baie geseënd en dit is altyd goed om mekaar weer te sien.

Leierskamp…..

Ouma Magdaleen het vir so drie weke by ons gekuier en saam met ons teruggery Suid-Afrika toe. Frederick het gaan krieket speel in Worcester as deel van die Namibiese o.13 span. Ons het lekker by ouma Klara op Worcester gekuier en kon sy ook van Frederick se krieket kyk. Na die krieket het ons heerlik by familie en vriende gekuier.

Ons was 28 Januarie terug op Outjo waar ons nog rondgeskarrel het om alles reg te kry vir ons trek na Windhoek. Die 2de Januarie het ons Windhoek toe gekom waar Frederick en Magdaleen by Windhoek Gimnasium begin skoolgaan het en ek begin skoolhou het by Windhoek Gimnasium se laerskool. Ek is ook by die sportafrigting betrokke.

Klara het het haar eindeksamen geskryf en die 24ste November klaargemaak. Haar uitslae het reeds gekom en sy gaan vanjaar BSc Wiskundige Wetenskappe met Wiskunde as hoofvak aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Sy wil graag Wiskunde onderwyseres word en het ‘n onderwysbeurs by Windhoek Gimnasium ontvang. Sy sal tuisgaan in Heemstede dameskoshuis. Ons is baie dankbaar vir die Here se voorsiening met haar koshuisverblyf en beurs – ons staan verstom! Sy sien baie uit na haar studies en tyd op Stellenbosch. Ons vertrek 20 Januarie na Stellenbosch waar sy die eerstejaarskamp sal bywoon van 22 tot 25 Januarie. Daarna is dit die groot groet!

Groete
Erik, Hester, Klara, Magdaleen en Frederick